

Liewe VVLU-lede

Soos julle weet vier ons hierdie jaar VVLU se 90 ste bestaan. Hierdie organisasie vir vroue met dieselfde behoeftes en begeertes, het oor die afgelope 90 jaar verskeie opvoedingsgeleenthede aan die lede gebied. Geleenthede wat ons instaat gestel het tot selfverryking, groei op vele gebiede, die ontdekking van talente en die uitleef daarvan. Ons lede is toegerus as tuisteskeppers en meelewende landsburgers, sodat ons ons kennis en vaardighede kan ontwikkel tot voordeel van die gemeenskap en ons land en dit op hierdie wyse aan ander oor te dra.

Hoewel ons ledetal drasties afgeneem het, is ons steeds dankbaar vir elke lid se lojaliteit, goeie gesindheid, bydraes en veral vriendskappe!

Ons Hemelse Vader het ons organisasie geseën met die keur van Sy seeninge. Sonder Hom kan ons nie die uitdagings wat voorlê hanteer nie.

Die doel van VLU is nog steeds om lede op verskeie gebiede te verryk en toe te rus. Ons maak lewenslange vriendinne en beleef dat lojaliteit een van die wonderlikste waardes is wat ons kan ontvang en uitdeel.

VLU het ons geleer dat elke mens uniek is met verskillende talente en persoonlikhede. Ons het geleer om na ander te luister, ook na dit wat hulle nie sê nie!

Die volgende 90 jaar gaan beslis met baie uitdagings gepaardgaan. Ons sal moet harder poog om jonger lede betrokke te kry by VLU, maar ons moenie die mense wat VVLU gedra het nou toe, afskeep nie

Ons sal ons organisasie moet lewendig hou vir die toekoms en lede se kennis uitbrei, want kennis verdring onsekerheid.

*Kom ons gaan die toekoms konstruktief en opgeruimd tegemoet. Ons weet tog dat alles wat die Here op ons pad bring, Hy ook vir ons die krag sal gee om dit te hanteer as ons van ons kant ook ons plig doen deur te werk en te bid. Kom ons bid vir ons organisasie, dat ons sal groei en mekaar se hande sal sterk maak.*

*Die VLU vrou wat nuwe uitdagings in die gesig staar, is geestelik weerbaar, het geloof, 'n wil, vermoë en kreatiwiteit om in haar tak en organisasie 'n depressieposisie te omskep in 'n wensituasie – om van die middelmatigheid uit te styg na uitnemendheid!*

*Ons moet begin om nuut te dink, om ons idees spontaan op die tafel te plaas. Om nie bestaande tegnieke te ignoreer nie, maar om tog nie bang te wees om te vernuwe en uitdagings te aanvaar nie.*

*Wees betrokke by julle organisasie en hou die leiers se hande hoog. Kan julle dink doelloos die lewe gaan wees as daar nie 'n VLU geleentheid is om maandeliks bymekaar te kom, te deel, te leer of sommer net te kommunikeer met mense wat dieselfde as jy dink nie!*

*Vir die 90 jaar uitdaging wat voorlê, rus 'n groot verantwoordelikheid op elke VLU lid om ons organisasie van nuuts af te laat groei en te laat gedy. Ons moet begin om ons organisasie te bemark deur interessante, leersame en opbouende dinge aan te bied.*

Koester die mooi herinneringe van ons verlede wat ons help vorm het en ons as organisasie uniek gemaak het en bou voort op dit wat saakmaak. Kom ons droom groot drome vir VVLU en werk aan ons ledetal vir die volgende 90 jaar.

Wat is 'n droom ? Daar is baie beskrywings daarvoor, maar die volgende is op ons tema van toepassing: Dit kan beskryf word as 'n passievolle begeerte om iets te doen wat onbereikbaar lyk te wees. Dit bestaan uit waardes en geleenthede en stimuleer die verbeelding. 'n Droom of visie word gebore in die hart van mense wat nie tevrede is om dinge sommer net te aanvaar nie. 'n Droom wat in jou hart gebore word, vereis verandering en om te waag en uit 'n mens se gemakse los te breek. Mense met 'n droom het die moed om op grond van 'n blote idêe op te tree. Ons almal het drome. Ons wil dinge verander, ons wil iets skep, hoogtes bereik. Maar sonder 'n plan sal ons drome net drome bly, net 'n asem in die wind! Neem die eerste tree en gee vlerke daaraan. Dit maak nie saak watter hindernisse in jou pad staan nie. Dit maak nie saak of mense jou al afgeraai het om jou eie kop te volg nie. Baie ander voor jou het dieselfde ondervind, maar vasgebyt en aangehou – en bo uitgekom.

Om by jou drome uit te kom is 'n proses wat tyd vereis. Jou visie begin by 'n eenvoudige idêe. Vir sommige van ons is dit 'n pynlike proses van seerkry, oor begin, nagte wakker sit. 'n Mens groei ook oppad na jou droom. Mens word volwasse en begin dinge anders sien. Koester jou droom elke dag, skuur daaraan en glo dat jy uiteindelik sal bereik waaroor jy gedroom het.

Om dan suksesvol te wees, is om getrou te bly aan die proses en om kleiner suksesse langs ons lewenspad te vier. Soms is dit so maklik om perspektief te verloor omdat ons so daarop uit is om eendag tog daardie soet vrugte te proe, dat ons heeltemal miskyk hoe ons daar sal uitkom. Soms is dit goed om te wag vir die regte omstandighede op my pad na daardie vrugte. Om te wag is nie 'n mors van tyd nie. Wanneer jy 'n visie in jou hart het en sommige dae net sit en wag, kan dit soms frustrerend wees, want jy werk aan jou visie, jou droom, jou pad na sukses.

Ons moet ook onthou dat ons 'n spoor agterlaat oppad na ons droomverwesenliking. Moenie op mense trap, verhoudings vernietig en jou waardestelsel afbreek in jou haas om by jou droom uit te kom nie.

Hoe jy daarby gaan uitkom, is altyd die grootste uitdaging sodra dit in jou gees, hart en gedagtes ontspring het. Besef net dat jy reeds op die regte plek in jou lewe is. Die regte mense is reeds in jou lewe. Soms besef ons dit nie, omdat ons gefokus is op die einddoel.

'n Droom, maak nie saak hoe klein of groot nie, gee jou daardie ekstra motivering om 'n dag van roetine en ander verantwoordelikhede aan te pak. Dit gee 'n mens iets nuuts om te doen en 'n lus vir die lewe.

Hoe gaan ons ons drome bewaarheid?

Eerstens: Neem aksie: Slegs mense wat tot aksie oorgaan, het die vermoë om hul drome in realiteit te omskep.

Tweedens: Beplan aan jou droom. Maak tyd om oor jou drome te dink. Toets watter aspekte van jou drome maak jou die meeste opgewonde.

Onthou, elke dag is belangrik en niks is onmoontlik nie. Bly gefokus op jou droom.

Dr Gustav Gouw sê ons moet ons drome neer skryf. Want as jy jou droom neergeskryf het, dan is jy verantwoordelik daarvoor, solank jy daadwerklik n datum by jou droom skryf. Sodra jy daardie datum het, fokus op jou droom, om al die stappe prakties uit te lê, om stap vir stap daar te kom! “ Want sien,” sê hy: “n doel in die lewe is net n droom met n deadline!!!”

Soms dwing finansies of omstandighede mense om 'n ander lewe te lei as wat hulle sou wou. Probeer dan om 'n paar uur per week jou droom uit te leef. Dalk is dit om siekes te besoek, of om mense moed in te praat of inspirerende boodskappe op Facebook te laai. Jy droom dalk daarvan om 'n spesiale vriendin vir iemand te wees. Tree daadwerklik op en doen dit!

Dink mooi watter klein treetjies jy kan neem om by jou droom uit te kom. Onthou, die Here het daardie saadjie in jou hart geplant. Jy het unieke gawes en talente gekry. Daarom sál Hy jou mos help om dit 'n realiteit te maak! Wees die spreekwoordelike Spreuke 31 Vrou!

Ons lees dat God “magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink” (Ef. 3:20). Hy kan enigiets doen – baie meer as wat ons ons ooit sou kon voorstel. Hy doen dit dalk nie deur jou omstandighede te verander nie, maar deur in jou te werk en jǒú te verander.

God het in elke mens ’n droom geplant, afgesien van jou eie drome. Dit is daardie idee, daardie visie vir jou lewe wat jy nie kan ignoreer nie. Dit sal altyd terugkom na jou toe, want dis deel van jou DNS. Vertrou die keuses wat jy maak.

Jou droom moet jou ’n klein bietjie bangmaak en jou asem wegslaan. As jy voel dat dit te groot is, weet dan hoe onmoontliker iets lyk, hoe moontliker is dit vir die Here. Vertrou net en doen elke dag wat jy moet.

Mik hoog. Al bereik jy nie die hoogste sport nie, sal jy minstens beter doen as wanneer jy met die minste tevrede is.

Om te droom is lekker. Dit is nodig om te droom – dit help jou inspirasie en motivering vind. Ongelukkig is drome wel net die begin, en wanneer ons drome nie waar word nie, los dit ons dikwels moedeloos, teleurgesteld en sonder motivering.

Voordat jy opgee op daardie droom van jou wat net nie waar wil word nie, dink dan weer oor jou droom en of dit bereikbaar is. Jou doelwitte moet meetbaar wees en ook binne jou bereik. Moenie drome najaag wat ander vir jou droom nie. Droom jou eie drome. Tydsberekening is noodsaaklik. Dit is nooit te laat om uiting te gee aan jou drome nie. Die belangrikste is om dit te glo en dan tot aksie oor te gaan.

Om te droom is nie net ’n formule wat ’n mens oor en oor herhaal sonder om iets te doen nie. Dis ’n manier van leef. Die oomblik dat jy iets kan visualiseer, kan jy dit najaag. Dan kan jy enigiets bereik.

Dit gaan nie altyd maanskyn en rose wees nie. En dit gaan opofferings van jou vra. Gelukkig word dit mettertyd makliker. So, as jy dit kon waag om te droom, wat sou jy wou doen? Droom groot en jy sal begin blom. Sodra jy daardie besluit geneem het en aan jou doelwit begin werk, sal dinge regkom.

Drie belangrike vrae om jouself af te vra, is: Waar is ek nou en waar wil ek wees? Hoe kom ek by my bestemming uit? Drome word nie oornag ’n werklikheid nie. Dit verg baie tyd, navorsing, opoffering en harde werk. Laastens: “Moet nooit ophou droom nie en moet nooit ophou om kliphard vir daardie drome te werk nie. Droom groot, dit maak van jou ’n wenner. Glo in jouself en jou droom. Neem aksie en doen dit!